

'Tragedie wys instandhouding kort'

Llewellyn Prince

Die brugtragedie by die Hoërskool Driehoek in Vanderbijlpark is 'n wekroep vir Suid-Afrika dat die land se infrastruktuur beter in stand gehou moet word, sê Cosatu.

Dié vakbondfederasie verwag daarom dat Tito Mboweni, minister van finansies, môre middag in sy begrotingsrede 'n duidelike finansieringsmodel uiteen sal sit wat sulke tragedies wat met staatsinfrastruktuur verband hou in die toekoms sal verhoed.

So het Sizwe Pamla, Cosatu-woordvoerder, gister gesê toe hy die ANC-alliansievenmoot se verwagtinge vir Suid-Afrika se 2019-begroting bekend gemaak het.

Pamla meen die land se skole, paaie, brúe, polisiekantore, hospitale, tronke, militêre basisse en damme is te lank verwaarloos en dat Mboweni planne sal moet aankondig om dit beter in stand te kan hou.

Mboweni sal volgens Cosatu ook moet bewys dat hy 'n plan het om die land se "gebroke" ekonomie reg te ruk en sal moet sê hoe hy die verkwing van geld en korrupsie gaan stop.

"Ons wil ook duidelike regrukplanne hê vir staatsentiteite wat nie die afdanking van derduisende personelede by die SAUK, SAL, SA Express, Denel, Prasa en Transnet sal insluit nie."



Tito Mboweni

Foto: ADRIAN DE KOCK

Volgens Pamla hoop Cosatu ook dat arm werkers- en middelklasfamilies nie aan nog hoër belasting onderwerp sal word nie.

Zwelinzima Vavi, hoofsekretaris van die vakbondfederasie Saftu, sê Mboweni se hoofprioriteit sal 'n redingsboei vir Eskom moet wees omdat Suid-Afrika se hele ekonomie in duie kan stort as dit nie gebeur nie.

"Dertuisende poste sal in gevaar wees en lewenstandaarde sal afneem."

Dit sal egter waarskynlik weer eens die publiek wees wat vir 'n redingsboei sal moet betaal met belastingverhogings en nog besnoeiings

in alle staatsdepartemente, sê Vavi.

Saftu meen die Eskom-krisis is vererger deur 'n dekade van korrupsie, onbevoegdheid, wanbestuur en sabotasie deur direksielede en verskaffers soos die Gupta-verwante maatskappye en die ANC se beleggingsvleuel, Chancellor House.

Volgens Vavi moet alle betrokkenes gestraf en die gesteelde miljarde terugbetaal word.

Mkhuleko Hlengwa, IVP-woordvoerder oor finansies, sê Mboweni sal 'n begroting met moeilike keuses moet voorlê wat 'n gunstige omgewing sal skep om beleggings te lok en vertroue te inspireer.

Die versekering moet ook gegee word dat daar nie nog werkverliese sal wees nie en dat werkgeleenthede eerder geskep sal word, sê Hlengwa.

Die IVP hoop verder dat Mboweni se begroting onmiddellike, sowel as kort- en mediumtermynoplossings, vir van die grootste probleemgebiede soos die onderwys, gesondheid, ekonomiese ontwikkeling, staatsentiteite en die belastingstelsel sal bied.

■ 'n Peiling van die marknavorsingsmaatskappy Citizen Surveys wat gister bekend gemaak is, wys dat 81% van Suid-Afrikaners meen die vlak van korrupsie het die hoogte ingeskiet.

72% van volwasse Suid-Afrikaners beskou werkloosheid tans as Suid-Afrika se grootste probleem.

Net 17% van Suid-Afrikaners het aangedui dat daar 'n verbetering in hul persoonlike lewensomstandighede was, terwyl 47% meen dat die ekonomie in die volgende 12 maande sal verbeter.

Volgens Citizen Surveys wil Suid-Afrikaanse en internasionale groepe hê Mboweni moet duidelikheid gee oor maatreëls en begrotingstoewysings vir die regering se planne teen korrupsie, die herstel van staatsentiteite en die regruk van die ekonomie.

